

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week bid ons die frase in die Ons Vader gebed elke keer as ons by 'n spieël is, "Laat U Naam geheilig word" of die parafrase van die gebed. "Help my om met gesonde beelde van U te leef". Gebruik daaglik jou joernaal om te reflekteer op die tekste van elke dag (die skakel na die tekste kan hier afgelaai word)

Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME

Sessie 2 van 10: Die spieël ritme, Wat is my prente van God en myself?

I. Gebruik 'n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.



II. Lees die gebed 'n paar keer en laat dit oor jou spoel

III. Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

I. WORD STIL

II. RITME GEBED

Here U leer ons, laat U naam gehelig word. Help my ons gesonde beelde van U te ontwikkel. In die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.

III. LEES EN LUISTER

Dag 1: Genesis 1:26,27

Vers 27: "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

Alle mense is na die beeld van God geskep. Jy is na die beeld van God geskep. Hoe voel jy daarvoor? Glo jy dit?

Dag 2: Sefanja 3:14-20

Vers 17: "Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:"

God is stil-tevrede oor jou. Wat dink en voel jy wanneer jy dit hoor?

Dag 3: Kolossense 2:6-10

Vers 6,7: "Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul."

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week bid ons die frase in die Ons Vader gebed elke keer as ons by 'n spieël is, "Laat U Naam geheilig word" of die parafrase van die gebed. "Help my om met gesonde beelde van U te leef". Gebruik daaglik jou joernaal om te reflekteer op die tekste van elke dag (die skakel na die tekste kan hier afgelaai word)



IV. Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf

V. Skryf enige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?

VI. Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê

Om in verbondenheid met God te lewe, is om in verbondenheid met liefde te lewe. In wie is jy gewortel? Met wat is jy vervul?

Dag 4: Efesiërs 3:14-21

Vers 18: "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."

Daar is niks wat nie deur God se liefde bedek en heelgemaak kan word nie. Saam met wie ontdek jy hierdie liefde?

Dag 5: Efesiërs 5:15-20

Vers 20: "Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus"

Wanneer jy oor hierdie week reflekteer waarvoor kan jy die Here dank?

Dag 6: Psalm 8

Vers 5,6: "wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? U het hom net 'n bietjie minderas 'n hemelse wese gemaak met aansien en eer gekroon,"

God sien ons. Hy dink aan ons. Jy is met aansien en eer gekroon ... hoe sal jy dit aan iemand anders beskryf?

IV. DINK NA

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Wat was my hoogtepunt en laagtepunt in die afgelope 24 uur? Wat bekommer my van die dag wat voorlê? Waarmee is God besig?

V. WOORD IN AKSIE

VI. GEBED VIR DIE DAG